

Nooddienste wys die Voortrekkers wat hulle kan doen

Dié was 'n blou, rooi, geel en groen Maandag in Heilbron toe Heilbron Voortrekkers 'n omgeeprojek geloods het. Met behulp van Heilbron en Frankfort Brandweer, Heilbron EMS, Simon van Brothers Towing Services, Vrystaat verkeer en Heilbron SAPD was die projek 'n reuse sukses.

Heilbron Voortrekkers wou deur middel van die projek die nooddienste bedank en het hulle genader om te kom deel daarin. Gou is daar begin reël en alles het in plek begin val. Die projek het gedien as 'n opleidingssessie vir die nooddienste sowel as om ander te leer wat gebeur op 'n ongelukstoneel en hoe die toneel hanteer word.

Voortrekkers en leerders van School of Destiny het die rolspel bygewoon. Leerlinge van Heilbron Voortrekkers het deel gevorm van die rolspel wat die toneel van 'n motorongeluk nageboots het. Soos wat gebeur op 'n ongelukstoneel afspeel is die rolspel vertolk. Die brandweer het met skreeuende sirenes opgedaag en dadelik die brand geblus wat uitgebreek het. EMS was dadelik op die toneel te sien om die omvang van beserings te kan vasstel en sodoende te kan behandel. Kort op hulle hakke was daar gereed gestaan met "jaws of life" om vasgekeerde slagoffers uit die wrakke te knip. Die insleepdienste was die laaste rolspelers om die voertuig wrakke op te tel en weg te ry. Leerders het baie uit hierdie rolspel geleer en die nooddienste het weer 'n verfrissende opleidingssessie beleef. Hulle is almal gereed om weer lewens te gaan red.



Kompetisie wenners

Busta Meule het nog 'n kompetisie behartig te OK Heilbron wat gestrek het vanaf 24 Desember 2018 tot 25 Februarie 2019.

OK geskenkbewyse ter waarde van R2000 was op die spel.

Die volgende wenners het weggestap met breë glimlagte: in die eerste plek is Amelia Galatis, tweede Koos Bierman en in die derde plek Annelie Jacobs.



Briewe aan:

Redakteur

Die volgende skrywe is ontvang van Heléne Howell gerig aan die redakteur.

Elke jaar, bly 'n kerkbasaar 'n fees, en iets om na uit te sien. Dan sien ek daar dieselfde gryskoppe wat staatsmakers is, en was. Gooi nie die res van die gemeentelêde weg nie, almal staatsmakers. Ek het van die jonger geslag ook gesien wat bewys het, dat daar ook van hulle was wat hulle kant gebring het. Baie dankie aan almal wat so hard gewerk het om die basaar 'n sukses van te maak het.

Daar was volop tuisgebak, naaldwerk, basaarpoeding, aartappelskroewe, ens.

Die kindertafel was 'n fees om na te kyk. Die vrou wat by daardie tafel die vort gehou het, het so 'n paar danspassies uitgevoer! Sy was duidelik baie vrolik.

Daar was te kus en te keur by elke tafel. Te veel om al die bydraes op te noem.

Almal was so vriendelik en behulpsaam

ten spyte van al die harde werk. Julle almal is tops! Julle word waardeer. Gooi nie pannekoekbakkers weg nie. Julle was weer raakvatters. En wat van die potjiekos se bydraes. Ek het nou nie kennis van dit nie, maar dis altyd uit die boonste rakke. Die manne ken die "job". Vir my lyk dit na 'n duur "storie" met al die bestanddele, maar is altyd van goeie gehalte.

Ek weet, elkeen wat by die basaar gewerk het, het dit met liefde gedoen.

Lank gelede was gesê van die Petrus Steyn se vrouens dat hulle staatsmakers is, en altyd gewillig was om hulle kant te bring.

Dieselfde kan gesê word van al Heilbron se vrouens wat ook staatsmakers is. Gooi nie die Heilbron se manne ook weg nie!

Die Here gebruik elke talent, hoe gering dit ook al mag wees.

Mooi só, hou só aan.

Herald

Office
National

Office or
Home Office,
a desk for all your needs!

Desk 1200 x 600, 32mm Top White Carcas | Colour Top Mobile
Economy Pedestal with 1 X Drawer and Open Filing Space

WHITE CARCAS - COLOUR DRAWER FRONT



R2250 incl. VAT

Valid till the 30th April

Available in: Vancouver Maple, Storm Grey, Verzasca Oak, Monument
Oak, Harvard Cherry, Natural Oak, American Walnut

44 Els Street, Heilbron, 9650

Tel: 058 852 3033 | E-Mail: heraldoffice@heilbron.co.za

Excluding Delivery and Installation